

Van sukkel tot sukses

* Jako Meyer



“'n Paar baie belangrike aspekte is in ag geneem met die bestuur van hierdie kernkudde. Een is die omgewing, wat insluit aanpasbaarheid, gehardheid, droogte, parasiet- en siektebestandheid van die diere. Die balans tussen produksie- en reproduksievermoë van die ooie is en word steeds tot die uiterste getoets in die vorm van vrugbaarheid, vroeë geslagsrypheid en maklike geboorteproses met minimum of geen lamverliese, uitstekende moedereienskappe, genoeg goeie gehalte wol en baie bemerkbare speenlammers.”

Einde Januarie, tien jaar gelede, het dertien Merino boere, waarvan ses geregistreerde stouers is, van onderskeidelik Noupoort, Hofmeyr, Richmond en Middelburg distrikte bymekaar gekom. Almal het dieselfde probleme en vashaakplekke ondervind. Lae speenpersentasies was aan die orde van die dag, droogtes was straf en baie geld moes spandeer word om die half-aangepaste diere daardeur te kry. Jaarliks het die meeste van die boere duur vetgevoerde ramme aangekoop. Die ramme was na die dekseisoen onherkenbaar, die kos was uitgewerk en net die maer ram het oorgebly. Sommige van die boere was al reeds voor. Hulle het veldklub ramme gebruik en hulle besigheid het aansienlik beter gelyk - hulle ramme was immers herkenbaar na die parseisoen.

Die groep boere het geglo dat daar 'n meer volhoubare manier is om ramme te bekom wat beter aangepas is vir hulle plaaslike omstandighede. Elk van die boere het in samewerking met die plaaslike skaap- en woldeskundige sy twintig beste produserende ooie uitgesoek. Die 260 relatief goed aangepaste ooie is saamgevoeg op een plaas onder een bestuur. Hierdie groep het hulself die Renosterberg Groepteelskema genoem en is geaffilieer by die Federasie van Groepteelskemas. Aansoek is gedoen by Merino SA om lidmaatskap as 'n volwaardige Merino stoet, wat ook goedgekeur is.

Vir 'n goeie afskop is daar besluit om van die beste ramgenetika wat beskikbaar was te bekom. Sodoende is drie top ramme op die nasionale BLUP register, sowel as twee plaaslike ramme wat silwer meriete status verwerf het op die plaaslike veldklub, gebruik. Nadat die nageslag grootgemaak en prestasie getoets is, was dit baie duidelik dat die twee plaaslike silwer ramme se nageslag aansienlik beter aangepas was as die ander drie sogenaamde beter ramme. Gou het ons besef dat omgewing 'n baie belangrike rol speel. Saam het ons

besluit dat dit beter sal wees om die plaaslike ramme se ramnageslag te gebruik op die kernkudde vir die opvolgende parings.

Hierdie groepteeldiere is as 'n kudde bestuur met die doel om 'n volhoubare winsgewende maar praktiese dier te teel, wat met gemak in die Karoo kan gedy. Nog 'n doel is om die meerderwaardige teelmateriaal te kan identifiseer en terug te plaas by die groepteelde sodat hierdie doelwitte kan deurspoel na hulle eie kudde. 'n Paar baie belangrike aspekte is in ag geneem met die bestuur van hierdie kernkudde. Een is die omgewing, wat insluit aanpasbaarheid, gehardheid, droogte, parasiet- en siektebestandheid van die diere. Die balans tussen produksie- en reproduksievermoë van die ooie is en word steeds tot die uiterste getoets in die vorm van vrugbaarheid, vroeë geslagsrypheid en maklike geboorteproses met minimum of geen lamverliese, uitstekende moedereienskappe, genoeg goeie gehalte wol en baie bemerkbare speenlammers.

Om hierdie doelwitte te kon verwesenlik is 'n paar praktiese bestuurspraktyke toegepas. Jong vervangingsooitjies word die eerste keer op 11 maande ouderdom gepaar vir 21 dae met 'n verhouding van een ram vir elke 25 ooitjies. Die 60% uitstaande vrugbare ooitjies wat as dragtig gesertifiseer word, met goeie prestasietoetsers, word in die kernkudde opgeneem. Daarteenoor word die nie-dragtige en swak presteerders wat syfers aanbetref, uitgeskot.

Drie maande nadat hierdie jong ooitjies gelam het, en 'n maand voordat hulle lammers gespeen word, word hulle vir die tweede keer gepaar vir 21 dae, met 'n verhouding van een ram vir elke 35 ooie. Slegs die ooie wat geen of swak, verpotte lammers speen word uitgeskot. 'n Konstante konsepsie hoër as 90% word behaal met die tweede paring onderwyl die ooitjies nog laat soog. Dus lam die jong



oijtjies 'n tweede keer op die ouderdom van 24 maande; daarna lam alle ooie jaarliks net een keer. Volwasse ooie word vir 21 dae gepaar, voorafgegaan met koggelramme vir 14 dae. Die gemiddelde konsepsie oor 'n tydperk van vyf jaar beloop 94% met meer as 60% ooie wat tweeling lammers speen. Hierdie groep ooie speen konstant meer as 150% lammers teenoor ooie gepaar. Alle ooie wat geen of verpotte lammers speen, word verwyder uit die kudde.

Ooie word altyd van mekaar geskei in homogene groepe. Jong, tweeling en enkeling ooie word apart in troppe geplaas met ongeveer 40 ooie per trop in 'n kamp van 120 hektaar, van voor lam tot na speen. Tydens lamtyd word geen aandag aan ooie geskenk nie; slegs waters word besoek. Die eerste vraag wat besoekers gewoonlik vra is "Wat van die jakkalse?". Oor tyd het dit duidelik geword dat 'n ooi met goeie moedereienskappe nie weghardloop as daar gevaar is nie, maar sy staan stil en haar lammers vind skuiling onder haar pens. Swak moeders hardloop eerste en hulle lammers agterna. Jakkalse is jagters en hulle vang graag diere wat hardloop. Omdat ooie uitgeskot word wat nie lammers speen nie, help die jakkalse om ooie met die beter moedereienskappe te selekteer!

Die groep diere word geselekteer vir werklike gehardheid teen seisoenale droogtes wat gereeld getrotseer moet word; so ook vir parasiete en siektes, sodat daardie goeie gene oorgedra kan word aan hulle nageslag. Omdat die lede van hierdie groep ekstensief boer is dit baie belangrik dat die diere slegs ekstensief bestuur moet word en dat die diere besonder goed moet produseer in dié omstandighede. Geen voorafopgestelde doseerprogram of vaste roetine soos bv. net na skeer of dalk voor lam word gevolg nie, maar maandeliks word mismonsters van sekere diere in hulle onderskeie troppe geneem vir ontleding. Eers na aanleiding van die uitslae sal daar opgetree word. Daar moet parasiete in 'n dier teenwoordig wees, anders kan die dier nie self 'n natuurlike weerstand opbou nie. Kombinasiemiddels moet sover moontlik vermy word, omdat die meeste middels winter sowel as somer parasiete gelyktydig aanspreek, wat dan kan lei tot swak natuurlike weerstand deur die dier self. Eksterne parasiete soos brommeraanvalle is onaanvaarbaar; sulke diere word uitgeskot.

Diere word nie sommer net summier op 'n gegewe ouderdom uitgeskot nie. Elke dier se tande word op meriete beoordeel. In sommige gevalle is ooie wat al sewe jaar oud is nog in produksie omdat haar tande dit toelaat. Daar was al gevalle dat ooie se tande op die ouderdom van vier jaar ingegee het. Langlewendheid is verseker 'n eienskap waarvoor ons selekteer, so ook jongooi tussenlamtydperk. Eienskappe soos hierdie help net om meer goeie lammers gespeen te kry. Daar kan net baie diere uitgeskot word as daar baie gespeen word.

Net so belangrik as wat oibestuur is, is rambestuur vir ons. Ramme wat uitgeplaas word na lede is die resultaat van dié waarmee ons besig is in die kernkudde. As groep glo ons dat jong ramme in ekstensiewe toestande moet uitgroeï. Rekordhouding en volledige prestasietoetsing is 'n vereiste. Op 12 maande ouderdom word ramme volledig prestasie getoets. Sodoende kan die meerderwaardige diere geïdentifiseer en voorgelê word vir keuring, om te verseker dat net diere wat aan die rasstandaarde voldoen vir vrugbaarheid en dekbeheiligheid getoets word. Slegs fikse, vrugbare ramme met 'n hoë libido en met bogemiddelde eienskappe wat goed presteer het, word aan lede beskikbaar gestel. Die belangrikheid van fikse ramme met 'n hoë libido word in die algemeen baie deur boere onderskat. Gedurende die dekseisoen loop ramme baie meer as normaalweg en groot kampe speel 'n wesenlike rol in die afstand wat ramme moet loop terwyl bronstige ooie gejaag moet word.

Die stelsel werk as volg: Die dertien lede van die groep verteenwoordig saam 20 000 ooie, dus beskik ons oor 'n baie groot genepoel. Jaarliks moet elke lid vier oilammers van die plaas af in die groep plaas om sodoende gedurig nuwe gene van buite te bekom. Hierdie oijtjies word saam met die kernkudde oijtjies getoets. Dit is onder andere 'n maklike en praktiese manier om te sien of die kernkudde steeds beter as die lede se eie diere is. Die kernkudde het die eerste reg om twee ramme self terug te hou; daarna word die res van die ramme beskikbaar gestel aan die lede wat op 'n rotasie basis hulle keuse kan uitoefen. Die eerste ram word geruil vir die vier ooi lammers. Die daaropvolgende ramme is te koop teen 'n vasgestelde prys soos deur die lede self besluit.

Vordering is verseker die afgelope tien jaar gemaak. Die kernkudde het sy persentasie van lammers gespeen van ooie gepaar geskuif van 91% tot 154%. Die liggaamsgewigte is verhoog met 10% en die veseldikte is verlaag met 6%. Die skoonwol geproduseer per ooi het konstant gebly. Lede uit hierdie groep verkry klokslag van die hoogste pryse op die gegewe wolveilings. Van die swaarste speenlammers in die genoemde distrikte word van ons lede se plase af weggelaai. Maar die heel belangrikste is lamtyd – dan is hierdie dertien plase spierwit van die baie lammertjies.

Laastens, hierdie artikel is nie geskryf om ramme te "smous" nie – ons verkoop nie ramme nie; ons gebruik hulle self. Dalk is daar êrens nog boere wat glo soos wat ons geglo het. Moenie wag nie; begin vandag nog om dit toe te pas.

* The Willows, Posbus 510, Middelburg,
Tel: 049-8422227

